14 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #31

Geliefde Gemeente,

Ek was verlede nag gekonfronteer met die vraag: "Wat sou ons reken is die grootste sonde"?

Die, voor die hand liggende antwoord is: ***"om die Heilige Gees te bedroef"*** – ***Jes. 63:10*** *"Maar húlle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry."* Daarmee saam die opdrag soos bepaal in ***Ef. 4:30*** "*en bedroef die Heilige Gees van God nie."* Het God ons vyand geword omdat ons wederstrewig was? Stry ons teen die Corona virus, of stry ons indirek teen God? Ek wil tog vir elkeen van u vra, dat u deur die leiding van die Heilige Gees sal seker maak, dat ons nie skuldig is aan wederstrewigheid, en daardeur die Heilige Gees bedroef het nie. Wederstrewigheid, beteken om 'n ander strewe te hê as wat God het. Is u en ek, ten opsigte van ons menswees; ons doen en late, gesinchroniseerd met God se spesifieke wil? Ons moet asseblief 100% seker maak van hierdie saak. Nogtans, is dit nie die grootste sonde nie.

Wanneer ons let op die sondeval – die feit dat Satan teen God gerebelleer het – dan besef ons dit is 'n geweldige waarskuwing, dat hy 'n derde van God se personeel kon beïnvloed – ***Open. 12:4*** *"het die derde van die sterre meegesleep."*

In ***Es. 28:12-17*** vind ons daar 'n beskrywing van hoe magtig Lucifer was, hoe groot sy skepping, en as gevolg van hoogmoed hoe groot sy val was. Jesus verwys na die feit dat Hy hom soos 'n bliksem uit die hemel sien val het ***Luk. 10:18*** *"Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val."* Daar word in hierdie gelese gedeelte, dikwels verwys – in 'n vorm van beeldspraak – na die ***"koophandel" Es. 28:18*** *"deur die onreg van jou koophandel".* Wat sou dit beteken? Na wat spesifiek word daar verwys?

Ek het deur middel van 'n droom, in die vroeë oggendure die ontdekking gemaak: **"dat die grootste sonde: DISLOJALITEIT is."** Dus, wat hierdie beeldspraak transaksies aanbetref, moes daar 'n duidelike bewys van dislojaliteit gewees het.

Wat my in my gees so diep aanspreek, is die boodskap van die **"verlore seun"** – ***Luk. 15:11-32.*** Ek glo, as ek so tussen die lyne lees, dat daar 'n geweldige passie by Jesus Christus teenwoordig was, ten tye van die meedeel van die gelykenis – so asof Jesus van eerstehandse kennis geweet het. Wat van die volgende scenario? Satan, die verlore seun wat nie teruggekeer het nie, en hoe pervers Satan **BRUIDSKAP** teëstaan, en met strategieë van misleiding ondermyn.

Getuig die **vervalle hut van Dawid** nie van die verlore seun nie?

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Geen wonder, ***"getrouheid"*** is een van die vrugte van die Heilige Gees. Indien ek dus ontrou is, bedroef ek dan nie die Heilige Gees nie? Dan verstaan ons dat, God egskeiding haat. In hoe 'n mate kan ontrouheid voor die deur van die kerk van Suid-Afrika gelê word – om van verbondsverbreking nie eens te praat nie – die kerk gaan juis mank, as gevolg van die weiering om die verbond aan te gaan, asook die blatante arrogante wyse, deur die verbond te verbreek. Dit is asof dislojaliteit die *"modus operandi"* van ons dag is.

***Jak. 1:17 "by God is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie."***

***Num. 23:19 "God is geen man dat Hy sou lieg nie; Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"***

***Luk. 1:17 "om die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges te bring"***

***Heb. 2:10*** – Jesus wil baie seuns terugbring na die Troonkamer – ***is dit om die verlore derde te vul?***

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335